Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# GRONDSLAGFASE

# GRAAD 3

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE:** **40**

**TYD:** **1 uur**

**NAAM:** ______________________________

**VAN:** ______________________________

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik deur.

2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.

3. Die onderwyser sal die praktiese oefeninge met jou deurgaan voordat jy met die toets begin.

4. Die toets tel 40 punte.

5. Die toets duur 60 minute.

## PRAKTIESE OEFENING

1. Omkring die letter langs die regte antwoord.
   Wat gee koeie vir ons?

   A brood.
   B melk.
   C konfyt.
   D tee.

   Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy B omkring het.

2. Omkring die regte woord tussen hakies.

   Ek het my (tant/tand) verloor.

   Jy het die vraag reg beantwoord indien jy die woord tand omkring het.

Kopiereg voorbehou 

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die son gee vir ons ...

| | |
|---|---|
| water | |
| kos | |
| lig | x |
| wind | |

Jy het die vraag reg beantwoord as jy 'n kruisie (x) in die blokkie langs die woord lig gemaak het.

4. Die sinne hieronder vertel ons hoe om ons tande te borsel.

Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui wanneer jy jou tande borsel.

| | |
|---|---|
| Maak die tandeborsel nat. | 1 |
| Spoel jou mond uit. | 4 |
| Borsel jou tande. | 3 |
| Sit dan tandepasta op die tandeborsel. | 2 |

Jy het die vraag reg beantwoord as jy die sinne in die regte volgorde genommer het.

In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

Lees die storie en beantwoord vrae 1 - 6.

Baie, baie jare gelede, op 18 Julie 1918 in die Transkeise dorpie, Mvezo, is 'n seuntjie vir 'n hoofman van die Tembu mense gebore. Hulle het hom Rolihlahla Mandela genoem. Sy kinderjare het hy saam met sy maats deurgebring deur op die heuwels naby sy tuisdorp te speel en beeste op te pas.

Toe hy nege jaar oud was het sy pa gesterf en hy is na die Clarkebury sendingskool gestuur. Een van sy onderwysers daar het hom die Engelse naam Nelson gegee. Hy het skool baie geniet en altyd sy beste gedoen. Boks en resies hardloop was sy gunsteling sportsoorte.

Nelson Mandela het nooit opgehou te veg vir dit waarin hy geglo het nie. As gevolg van hom het die mense van Suid-Afrika hul vryheid asook gelyke regte vir almal gekry en daarom word hy die "Vader van die Nasie" genoem.

Madiba was baie lief vir kinders en hulle vir hom. Nelson Mandela was die eerste swart president van Suid-Afrika.

Op 5 Desember 2013 het hy gesterf. Regoor die wêreld sal mense vir Nelson Mandela onthou, want hy het almal geleer hoe om vir mekaar te sorg en mekaar te vergewe. Hy het baie liefde en deernis aan mense betoon. Dit staan bekend as Ubuntu.

Een van sy gesegdes wat hy graag wou gehad het almal, veral kinders, moet onthou is:

"Opvoeding is een van die magtigste wapens waarmee jy die wêreld kan verander."

1. Skryf 'n geskikte titel vir die storie.

------------------------------------------------------------ (1)

2. Omkring die letter langs die regte antwoord.
Wat is die naam wat die onderwyseres vir die seun gegee het?

A Tata
B Nelson
C Madiba
D Rolihlahla (1)

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.
Van watter land was Nelson Mandela die eerste swart president?

| | |
|---|---|
| Amerika | |
| Australië | |
| Suid-Afrika | |
| Nieu-Seeland | |

(1)

4. Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.
Nommer die sinne (1 - 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

| | |
|---|---|
| Verkies tot president. | |
| Sy pa sterf. | |
| Hy het na 'n sendingskool toe gegaan. | |
| Hy was in die dorpie, Mvezo, gebore. | |

(1)

Kopiereg voorbehou

5. Regoor die wêreld sal mense vir Nelson Mandela onthou. Wat kan ons van Madiba se lewe leer?

Ons kan leer om ............................................................

..............................................................................

..............................................................................

.............................................................................. (1)

6. Wat kan jy doen om 'n verandering te maak in die lewens van mense om jou?

Ek kan 'n verandering maak deur ..........................................

..............................................................................

..............................................................................

..............................................................................

.............................................................................. (1)

7. Kyk na die prent en beantwoord VRAE 7.1 en 7.2.




7.1 Onderstreep die regte antwoord.
Waar is die kinders? Die kinders is ...

A op die sportveld.
B op die speelgrond.
C in die klaskamer.
D by die huis. (1)

7.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die prent op bladsy 3 is van kinders wat ...

| | |
|---|---|
| verf. | |
| eet. | |
| luister. | |
| teken. | |

(1)

8. Skryf die sinne oor in die gevraagde tye.

8.1 Verlede tyd

Die juffrou verduidelik, terwyl die kinders luister.

............................................................................................................

............................................................................................................

............................................................................................................ (2)

8.2 Teenwoordige tyd

Die kinders het gekyk, terwyl die juffrou op die bord geskryf het.

............................................................................................................

............................................................................................................

............................................................................................................ (2)

9. Lees:

9.1 'n Selfstandige naamword is 'n naamwoord. Omkring TWEE selfstandige naamwoorde in die sin hieronder.

Die seun lees 'n boek. (2)

9.2 'n Voornaamwoord is 'n woord wat in die plek van die selfstandige naamwoord gebruik word. Omkring TWEE voornaamwoorde in die sin hieronder.

Die onderwyseres en haar kinders het by hulle skool gaan kuier. (2)


9.3 'n Voegwoord is 'n woord wat sinne aanmekaar voeg. Omkring EEN voegwoord in elkeen van die sinne hieronder.

A Die juffrou maak die deur oop en die kinders loop uit. (1)

B Die dogters speel netbal maar die seuns speel sokker. (1)

10. Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.1

Daar is water in die  ...

.............................................................................................................. (1)

10.2

Hy eet met 'n mes en 'n  ...

.............................................................................................................. (1)

11. Onderstreep die regte voorsetsel.

Ouma sit die pot (op /aan) die stoof. (1)

Kopiereg voorbehou 

12. Skryf die volgende sinne oor. Vul TWEE leestekens in elke sin in.

12.1 Die kinders speel sokker netbal en rugby by ons skool.

.............................................................................................................

.............................................................................................................

............................................................................................................. (2)

12.2 hoeveel meisies en seuns is daar in jou klas.

.............................................................................................................

.............................................................................................................

............................................................................................................. (2)

12.3 Stop skreeu die juffrou vir die kinders.

.............................................................................................................

.............................................................................................................

............................................................................................................. (2)

13. Omkring die regte werkwoord tussen hakies.

13.1 Die kinders (spiëel / speel) by die skool. (1)

13.2 Die seuns het die (lang / lank) tou getrek. (1)

Kopiereg voorbehou

14. Lees die tabel en beantwoord VRAE 14.1 - 14.3.

| Dienslys | | |
|---|---|---|
| Naam | Maandag, Woensdag en Vrydag | Dinsdag en Donderdag |
| Sipho | Klaskaptein | Boeke uitdeel |
| Jane | Maak swartbord skoon | Maak klaskamer net jies |
| Thandi | Maak vensters oop en toe | Klaskaptein |
| Aya | Boeke uitdeel | Maak swartbord skoon |
| David | Maak klaskamer net jies | Maak vensters oop en toe |

14.1 Sipho is Maandag, Woensdag en Vrydag klaskaptein.
Wie is nog klaskaptein gedurende die week?

------------------------------------------------------------ (1)

14.2 Wie maak Donderdag die vensters oop en toe?

------------------------------------------------------------ (1)


14.3 Wie is op swartborddiens gedurende die week?

------------------------------------------------------------ (1)

Kopiereg voorbehou

15. Lees die grafiek en beantwoord VRAE 15.1 en 15.2.

Kosblikke




15.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Vergelyk wat die kinders gedurende pouse geëet het.
Watter item het die hoogste getal?

A vrugte
B skyfies
C toebroodjies
D sap (1)

15.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
Hoeveel meer kinders eet toebroodjies as skyfies?

A 3
B 5
C 4
D 4 (1)

16. Skryf TWEE paragrawe van ten minste 10 sinne in totaal oor jou jaar in graad 3. Maak seker dat jy die korrekte taal, spelling en leestekens gebruik.

**Moet nie jou sinne nommer nie.**

My Graad 3 jaar

(6)

**TOTAAL: 40**

Kopiereg voorbehou